Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Geskryf deur Johannes Nortier
5 Mei 2022

Gedagte vir die week:
Die reis met die Liefde lei van toe, toeër en toeste na oop, oper en oopste.

Vertrekpunt:
Handelinge 11

Meditasie uit die Woord:
Ek het groot geword in 'n gemeente wat **toe** was. Ons was **toe** vir swartmense en bruinmense. Ons was **toe** vir Rooms-Katolieke. Ons het **afwysend** gepraat van die AGS en die "happy clappies". Die kansel was **toe** vir vroue. Die raadsale was **toe** vir vroue. Ons het mense wat hulle weer en/of laat grootdoop het, **uitgesluit**. Ons het **vreemd** gekyk na mense wat hulle hande opsteek wanneer hulle sing. Op die rooi kanselkleed was in goud geskryf, "God is liefde". Die dominees het party Sondae nie die wet uit Exodus 20 gelees nie, maar die wet opgesom in die woorde van Romeine 13:8, "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit". Ek lees hierdie week Handelinge 10 en 11 en wonder of my grootword gemeente se mense dan nooit Handelinge 10 en 11 gelees het nie. Of het hulle? Maar hoe dan? Hoe kon hulle dit lees en terselfdertyd die deure toehou en mense uitsluit? Maar dan lees ek die koerante en Die Kerkbode van vandag en ek weet die kerk van my grootmenstyd is nog altyd toe-erig en uitsluiterig. Ek lees van mense wat steeds moet veg om ingelaat en ingesluit te word. Hulle moet aan die groot deure hamer en smeek dat iemand moet oopmaak. En buite in die straat hoor ek oop-arm Jesus roep, "want so lief het God die wêreld gehad dat Hy my gestuur het … kom na my toe, almal …!" Kan dit wees dat 'n mens juis die kerk moet verlaat om by Jesus te wees? Kan dit wees? Ek wil nooit weer teruggaan na die gemeente van my kinderjare nie, ek wil nooit weer die stemme hoor wat bo-oor die goue, "God is liefde", geskree het nie, want dit was toe-taal uit toe-harte. (Hulle was seker maar net kinders van hul tyd.) My geloofsreis het my gevat van toe na oop! Handelinge 10 en 11 het my hierdie week herverseker dat my GPS (die Bybel) my reg lei het en dat ek reg luister. Ek is oop! Dank die Vader saam met Petrus en al die ander wat hierdie reis meegemaak het en steeds meemaak. Jy is ook 'n genooide op die reis na Oopste, want ons bly nog op hierdie reis! Vandag is ons by Oper. Op die Groot Eendag sal ons by Oopste aankom! Eers dan sal die reis voltooid wees, wanneer ons ingesluit word saam met almal wat deur ons uitgesluit is! Surprise, surprise! Kom, Here Jesus, kom!

Reisgesprek en Youtube-skakel:
Op Sondagoggend 08 Mei 2022 om 09:30 het ons 'n reisgesprek **in die kerkgebou**. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by https://youtu.be/VFgglNT-mqc

Meditasie uit die Lewe:
Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se identiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Struktuur	Geen strukturele geweld word toegelaat nie. Die minimum struktuur dien God en sy saak en nie andersom nie. Ons is lankal uit Egipte uit en sal nooit weer daarheen terugkeer nie. Die struktuur bepaal en bestuur ons nie, ons bepaal en bestuur die struktuur.

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net** of **nortierjohannes6@gmail.com**